

Sing vooraf staande: Psalm 33:11 (p. 161)

- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofsang: Psalm 34:1, 6 (p. 166)

- 1 In weelde en ongeluk, / altyd sal ek die HERE prys;
altyd vir Hom my lof laat rys, / in voorspoed en in druk.
Hom sal 'k die ere skenk, / tot roemtaal kragtig aangespoor.
Sagmoediges, hul sal dit hoor / en aantree op my wenk.
- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

Gebed

Psalm 86:6 (p. 433)

- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Skriflesing: Prediker 12

Teks: Prediker 12:13

Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. (Prediker 12:13 AFR53)

Tema: Vrees die Here

Wat is die diepste sin van die lewe?

Wat is die doel van jou hele bestaan?

Waarom leef jy?

Wat behoort die vernaamste dryfveer van jou hele lewe te wees?

Hoe moet 'n mens vandag leef in hierdie verwarde, deurmekaar wêreld waarin ons onself bevind?

Op hierdie vrae gee ons teks 'n duidelike antwoord. Die antwoord is kort en saaklik: **Vrees die Here.**

Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie, want dit geld vir alle mense. (Prediker 12:13 AFR53)

Die Bybel sê op baie plekke in die Ou en Nuwe Testament dat die kern van alle ware godsdienste is om God te vrees.

Spreuke 9:10 (AFR53):

Die beginsel van die wysheid is die vrees van die Here ...

1 Petrus 1:17b (AFR53):

... , wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap ...

God se hartsbegeerte vir sy kinders is dat hulle Hom sal vrees.

Deuteronomium 5:29 (AFR53):

Ag, as hulle maar so 'n hart gehad het om My te vrees en al my geboorte altyd te onderhou, dat dit met hulle en hulle kinders altyd goed mag gaan.

Die hartsbegeerte van enige ware kind van God is om hierdie vrees van die Here regtig te ken. Daarom sal elke kind van God diep uit sy hart saam met Dawid in Psalm 86:11 bid:

... verenig my hart tot die vrees van U Naam. (AFR53)

1. Wat beteken dit om God te vrees?
2. Die uitwerking van die vrees vir die Here in die lewe van die kind van God
3. Hoe kom 'n mens daartoe om God te vrees?

1. Wat beteken dit om God te vrees?

In die teksvers kry ons 'n opsomming van die hele boek Prediker. Hy was iemand wat baie nagedink het oor alles wat 'n mens in die lewe teëkom en alles wat met hom gebeur het, en homself afgepra het wat die sin van alles is.

Waarop kom alles nou eintlik neer?

Wat is die vernaamste ding in 'n mens se lewe?

Wat gee regtig sin in 'n mens se lewe en betekenis en bestendigheid?

Wat maak jou lewe die moeite werd?

Sy antwoord in Prediker 12:8 klink nogal baie depressief:

Alles tevergeefs sê die Prediker, alles tevergeefs.

Die *Lewende Bybel* wat 'n soort verklarende Bybel is, verklaar dit so: *Alles gaan verby, alles is nutteloos, en daar is niks wat werklik die moeite werd is nie.*

Hy het egter een ding ontdek wat 'n mens se lewe die moeite werd maak, wat aan jou lewe sin en betekenis, ewigdurende sekuriteit en selfstandigheid gee. Dit is om God te vrees.

Die presiese betekenis van die Hebreeuse woord wat in ons teks en op baie ander plekke in die Bybel voorkom en met *vrees* vertaal word, kan baie moeilik in Afrikaans weergegee word. Die 1983-vertaling vertaal meesal waar die 1953-vertaling gesê het *vrees* God nou met *dien* God. Ander vertalings vertaal dit met *ontslag* of *respek* vir die Here. Miskien vertaal een van die Duitse vertalings die beste as daar staan: *Mit Gott ernst machen. (met God erns maak).*

Wat ons in elk geval baie goed moet verstaan, is dat hier nie bedoel word dat ons vir God moet bang wees met 'n soort angs nie. Soms praat die Bybel wel van so 'n soort *vrees* vir die Here. Dit is die soort *vrees* wat 'n slaaf het vir sy baas omdat sy baas 'n soort tiran is.

In die gelykenis van die talente is dit juis die gesindheid wat die dienskneg met die een talent teenoor sy baas gehad het. Ons lees dat hy sê:

Meneer ek ken u en weet dat u 'n harde man is, wat oes waar u nie gesaai het nie, en pluk waar u nie geplant het nie. Omdat ek bang was, het ek u muntstuk in die grond gaan begrawe (Matteus 25:24, 25 AFR53).

U sien, dit is 'n soort vrees waarmee sommige mense God vrees, maar terselfdertyd diep in hulle harte Hom haat, soos 'n slaaf voel teenoor 'n wrede baas: Hy dien hom, maar net uit vrees vir straf. As sy baas sou doodgaan, sou dit vir hom 'n verligting wees. Wanneer hulle oor God dink, het hulle in hulle gedagtes die prentjie van 'n wrede tiran. Daarom dien hulle Hom met die absolute minimum en eintlik teen hulle sin.

Hierdie soort vrees vir God kan nie saam met liefde vir God bestaan nie. Dit is die soort vrees waarvan gepraat word in 1 Johannes 4:18 as daar staan:

Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.

Soms kan opregte wedergebore kinders van God tog nog diep in hulle harte iets van hierdie slaafse vrees vir God koester. Dan beleef hulle baie min vreugde en blydskap in hulle godsdiens. Hulle godsdiens is vir hulle nie 'n lus nie, maar 'n las. Hulle het meestal suur gesigte en is verskriklik swaarmoedig in hulle godsdiens.

Dit is nie die vrees vir God wat ons moet hê nie.

Die ware godsalige vrees vir die Here is kinderlike vrees. Dit is 'n mengsel van heilige eerbied en vurige liefde. Dit beteken om terselfdertyd die allergrootste ontsag en die diepste vreugde te ervaar wanneer jy begin verstaan wie God regtig is, en wat Hy vir ons gedoen het.

Dit is soos die digter dit stel in die berymde Psalm 119:44:

**As ek dink aan U gestrengheid,
Dan meng liefde en vrees deureen;**...

of Psalm 119:60:

**Tot U loop ek, op U hoop ek,
op U wette gee ek ag;
en ek hou wat U getuig het
*vol van liefde en stil ontsag ...***

Die regte godsalige vrees vir die Here is nie 'n vrees wat jou van God af laat wegvlug nie, maar dit is vrees wat jou juis na God tóé laat vlug.

Dit is 'n gevoel van diep ontsag oor die grootheid van God wat aan die kind van God 'n diep innerlike vrede en kalmte besorg, en hom ook in verwondering laat uitroep:

O, Here onse Here, hoe heerlik is U naam op die ganse aarde!
(Psalm 8:2a AFR53)

Kinderlike vrees vir die Here laat jou voor God op jou knieë neerbuig met verslae verwondering en aanbidding en jou met diep dankbaarheid vir sy onbeskryflike genade uitroep: "Wie is ek Here dat U, die ewige heilige en almagtige God, my liefhet en met my, veragtelike sondaar, bemoeienis maak?"

Ken jy dit, broeder en suster? Het jy al met trane van blydskap uitgeroep:

Wat 'n liefde en volheidslewe waar ons bly ons in beroem, het die Vader my gegewe dat Hy my [die groot sondaar] sy kind noem? (sien Skrifberyming 2-4:1)

Is jy tegelykertyd vervul met baie diep respek en ontsag vir die Here as jy nadink oor sy majesteit en heiligheid?

O, as jy iets daarvan ken, dan het jy iets van die regte kinderlike vrees van God. Dan sal dit jou hele lewe beïnvloed.

2. Die uitwerking van die vrees van God in die gelowige se lewe

Die regte vrees van God beïnvloed jou hele lewe. Daar is geen enkele aspek van jou lewe wat nie daardeur geraak word nie. Ek wys op ses duidelike kenmerke van die vrees van die Here in iemand se lewe.

2.1 Dit weerhou ons van sonde.

Kyk na Eksodus 20:20. Nadat God sy wet gegee het, en die volk so groot geskrik het vir die donderslae en blitse, sê Moses vir hulle: God het gekom om julle te beproef en dat sy vrees oor julle oë mag wees, sodat julle nie mag sondig nie.

Miskien onthou u die bekende geskiedenis van Josef, toe die vrou van Potifar probeer het om hom te verlei. Sy het hom blatant uitgenooi om ontug met haar te pleeg, maar hy het die verleiding weerstaan. Hoe het hy dit reggekry? Die antwoord blyk baie duidelik uit sy woorde. Toe sy hom blatant uitnood en sê: "Kom hou gemeenskap met my," was sy antwoord: "Hoe kan ek hierdie kwaad doen en sondig teen God?" (Genesis 39:7-9). Sy vrese vir die Here het hom van sonde weerhou.

Waarom beleef ons vandag sulke blatante huweliksontrou, onsedelikheid, perversiteit, en selfs homoseksualisme? Die grootste probleem van ons tyd is Vigs, en miljoene mense sterf en gaan nog sterf aan hierdie siekte. Die vernaamste rede is dat die vrees van God byna verdwyn het. Volgens die Bybel is die vrees van God die belangrikste fondament vir moraliteit.

Liewe ouers, is dit u begeerte dat u kinders 'n skoon en ongeskonde lewe moet lei? Leer hulle dan van kleins af om die Here kinderlik te vrees. Laat hulle in jou lewe 'n voorbeeld sien van egte vrees vir God.

2.2 Kinderlike vrees vir die Here maak van jou 'n mens met integriteit; iemand wat eerlik en opreg is.

Nehemia was so 'n mens. Die goewerneurs in sy tyd was almal mense wat met korrupsie en omkoperie regeer het. Hy het egter nie so gedoen nie. Volgens Nehemia 5:15 sê hy dat die goewerneurs wat voor hom was, die volk swaar belas het en van hulle brood en wyn geneem het, en daarna veertig sikkels silwer. Hulle mense het ook heerskappy gevoer oor die volk; *maar so het hy uit vrees vir God nie gedoen nie*. As die Here vir 'n nasie godvresende leiers gee, sal korrupsie en omkoperie ophou.

2.3 Kinderlike vrees vir die Here maak jou gehoorsaam aan die Here se bevel.

Toe Noag die bevel gekry het om die ark te bou, was hy gehoorsaam. Hy het ondanks die moontlike gespot van sy tydgenote die ark op droë grond gebou. So staan daar in Hebreërs 11:7 dat hy *met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak het*.

Ons lees dat Abraham se kinderlike vrees vir die Here hom selfs gehoorsaam gemaak het om gewillig te wees om so 'n moeilike opdrag uit te voer om sy eie kind, sy enigste seun Isak, te slag. Ons lees in Genesis 22:12:

En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie. (AFR53)

2.4 Kinderlike vrees vir die Here verdryf jou vrees vir mense en wat hulle jou moontlik kan aandoen.

Jesus het self gesê:

Moenie bang wees vir die wat die liggaam kan doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel tot niet kan maak. (Matteus 10:28 AFR83)

So baie Christene is bang om te wys dat hulle regtig navolgers van Jesus Christus is. Onthou, Jesus het gesê:

Hom wat my voor die mense verloën, sal ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is.
(Matteus 10:33 AFR83).

Weet u wat is vandag 'n baie groot struikelblok vir reformasie in die kerk- seker die grootste struikelblok vir reformasie? Doodgewone bangheid vir mense wat dan "politieke korrektheid" genoem word. Baie keer weet mense diep in hulle hart dat hulle anders behoort op te tree, en ander standpunte behoort in te neem, maar hulle dink by hulleself: Wat sal die mense sê? Wat sal hulle van my dink? Wat sal van my status word? En dan tree hulle teen hulle beterwete op omdat hulle te bang is om die gramskap van ander mense op die hals te haal. Die groot hervormers van die geskiedenis was altyd mense wat onverstrokke dapperheid gehad het. So byvoorbeeld het vriend en vyand vir John Knox gesê: "Hy vrees geen mens nie want hy vrees God."

2.5 Mense wat die Here regtig vrees is ook mense wat die owerheid respekteer en wat soek na vrede in die land.

Daar staan in 1 Petrus 2:13, 14 en 17 (AFR83):

Omdat die Here dit wil, moet julle, julle onderwerp aan elke menslike owerheid, of dit nou die keiser as hoogste gesag is, of die goewerneurs as sy gevolmagtigtes wat die kwaad moet straf ... Julle moet alle mense respekteer ... Vrees God. Eer die keiser.

Verder staan daar ook uitdruklik in Hebreërs 12:14 (AFR83):

Beywer julle vir vrede met alle mense asook vir 'n heilige lewe, waarsonder niemand die Here sal sien nie.

Mense wat 'n poitiek van haat en gewelddadige omverwerping van die owerheid voorstaan, vrees God nie en hulle sal Hom nooit sien nie.

2.6 Die vrees vir God dwing jou ook om die evangelie te verkondig aan hulle wat die Here nog nie ken nie, of van Hom vervreem is.

Kyk hoe duidelik staan dit in 2 Korintiërs 5:11 (AFR53):

Omdat ons dan die vrees van die Here ken, probeer ons om die mense te oortuig.

As jy God vrees, kan jy nie anders nie; jy raak betrokke by sending en evangelisasie. Iemand wat die regte vrees vir God ken, wat sidder voor die allesomvattende grootheid van God, en terselfdertyd met diep, diep dankbaarheid en vreugde vervul is omdat hy 'n kind van God mag wees, besef – soos Paulus dit stel in Romeine 1:1 – dat ons dit aan die ongelowiges verskuldig is om die evangelie aan hulle te verkondig, en dat ons God, ons Hemelse Vader, bedroef as ons hierdie plig versuim.

Dit geld nie net vir die individuele gelowiges nie, maar ook vir die gemeente as geheel. Kyk maar na 1 Korintiërs 14:24, 25. Paulus sê dat daar in die erediens so 'n bewustheid van die ontsagwekkende teenwoordigheid van God moet wees, dat die ongelowiges wat dalk by die erediens mag opdaag, so daardeur aangegryp word dat hulle op hulle knieë sal val, God sal aanbid en openlik getuig: "Waarlik, God is hier by julle!"

Dit is wat bedoel word as daar in Handeling 9:31 staan dat die gemeentes juis vermeerder het *terwyl hulle gewandel het in die vrees van die Here*; en in Handeling 19:17 dat die Naam van die Here Jesus groot gemaak is, juis nadat die vrees van die Here almal oorval het.

O broeder en suster, daar word deesdae ernstig deur professore, geleerdes en kerklike vergaderings besin oor die feit dat die Gereformeerde Kerk nie meer groei in getalle nie. Die besluite wat die sinode in 2012 geneem het oor 'n omkeerstrategie gaan ook daarvoor. Maar is dit nie dalk omdat ons so min werklik Godvresend is, dat ons kerke kwyn nie? Sê my 'n bietjie, dink u dat ongelowige buitekerklikes wat met ons te doen kry, ons eredienste bywoon, ons kerklike lewe dophou, ook daardeur gedwing sal word om op hulle knieë te val en uit te roep: "Werklik, ons kan sien God is hier by julle!"

As jy toeneem in jou vrees vir die Here, sal jy nie anders kan nie – jou ywer vir sending en evangelisasie sal sterk toeneem. Daarom sing ons in Psalm 22:9:

**... laat wie God vrees uit altyd wyer kringe
sy lof vertel.**

En dit bring ons by die vraag: Hoe kom 'n mens daartoe om God te vrees?

3. Hoe kom 'n mens daartoe om God te vrees?

Wanneer jy iets van die grootheid en majesteit van God insien en daar 'n ontsagwekkende stilte in jou siel neerdaal, begin jy om God werklik te vrees. Wanneer God aan Job iets van sy allesoorheersende majesteit openbaar het, en vir hom gevra het (Job 40:3-5 AFR53):

Het jy dan 'n arm soos God? En kan jy donder met die stem soos Hy?

En nadat Job gesê het (Job 42:2, 5, 6):

Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie ... Volgens hoorsê het ek van u gehoor maar nou het my oog u gesien.

het hy gesê:

Daarom herroep ek en het berou in stof en as.

U sien, 'n besef van ons kleinheid en nietigheid voor die almagtige God laat ons in die stof voor hom neerval, met ontsag en ware Godsvrees.

Maar dan is dit alleen nie genoeg om die ware Godsvrees by ons te kweek en te laat groei nie. Die vernaamste ding wat ware Godsvrees by 'n mens laat ontluik, is 'n verbysterende besef van sy genade vir my as verlore sondaar.

So staan dit in Psalm 130:4 (AFR53):

Maar by U is vergewing, dat U gevrees mag word.

Wat beteken dit? Dit beteken dat die liefde van God kinderlike vrees vir die Here in ons harte laat ontluik. Die besef dat die grote, almagtige God, wat my in sy vlammende heiligheid my oor my sonde behoort te verdoem, my deur Jesus Christus vergewe het, my as kind aangeneem het, bring my daartoe om die regte kinderlike vrees vir die Here te hê. Dit is soos John Newton in die bekende Engelse lied *Amazing Grace* gesê het:

'T was grace that taught my heart to fear.

Dit is juis die besef van God se liefde en genade wat 'n mens weer tot bekering vernuwe en jou kinderlike vrees vir God herstel wanneer jy in sonde val. Kyk maar na Petrus in Lukas 22:61-62: Hy het sy Here uit vrees vir die mense skandelik verloën. Wat was dit wat sy hart verbrysel het? Wat was dit wat hom geruk het tot 'n besef van sy sonde? Ons lees dat Jesus omgedraai het en Petrus in die oë gekyk het. Dit was die liedevolle oë van Jesus Christus wat hom buitekant toe laat uitgaan het, en bitterlik van berou laat huil het.

Die Heilige Gees gee die regte vrees vir God in ons harte. Hy doen dit deur sy evangelie van soewereine genade aan ons te laat verkondig. Waar Jesus Christus reg verkondig word, daar laat die almagtige God jou in sy hart kyk – 'n hart met soveel liefde vir die vervloekte verdoemde wêreld dat Hy sy enigste Seun, wat Hy innig liefgehad het, gestuur het om sondaars te red. O, broeder en suster, jy wat die Here vrees, buig voor Hom en bely opreg uit jou hart:

By U Here is daar vergewing, dat U met bewing, reg kinderlik gevrees kan word.

Amen

Slotgebed

Slotsang: Psalm 130:2 (p. 635)

2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Dr Flip Buys
Gereformeerde Kerk Bellville
4 Augustus 2013